**28 Januarie**
**Skrifgedeelte: Numeri 11:4-23**
**Fokusgedeelte: Numeri 11:4-6**

## Verlang vooruit, nie terug nie

Na ongeveer vyf eeue was God op die punt om sy verbondsbelofte om Kanaän aan Abraham se nageslag te gee, in vervulling te laat gaan. Tog was daar geen afwagting en opgewondenheid dat die eeue-oue belofte van 'n eie land op die punt was om 'n werklikheid te word nie. In plaas van 'n opgewonde afwagting oor die toekoms, verlang die Israeliete terug na tyd toe hulle slawe was. Hulle verlang selektief, want hulle dink net terug aan die lekker kos van Egipte. Hulle dink nie aan die vermoeiende slawewerk onder die gloeiende woestynson nie. Hulle sien ook nie die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags raak nie. Hulle sien nie raak dat God met hulle is terwyl hulle onderweg is na Kanaän nie.

Sien ons in die Israeliete se optrede nie iets van onsself nie? Ons Here Jesus het ons verlos van die slawerny van die duiwel en die sonde. Ons is onderweg na die hemelse Kanaän. Dit is 'n moeisame tog deur 'n woestynwêreld wat dikwels onherbergsaam en onvriendelik is. Honger, dors en vyande is deel van die woestynreis. So ook verstikkende woestynstorms, versengende hitte bedags en bitterkoue snags.

Ten spyte van ons uitputtende woestynreis, kan – en moet – ons vooruit verlang, want ons weet wat die eindpunt van die reis is. Ons Here Jesus het ons vooruitgegaan om vir ons plek voor te berei in die hemelse Kanaän. Ons fokus behoort op daarop gerig te wees. As ons fokus op die sake wat ons woestynreis moeilik en onaangenaam maak, kan dit ons laat terugval na 'n ou, sondige lewe. As ons fokus op moord, verkragting, korrupsie en swak dienslewering, kan ons verswelg word deur gedagtes van hopeloosheid, woede, frustrasie, haat en meerderwaardigheid. Dit hoort nie by 'n gelowige nie, want ons Here Jesus het ons juis daarvan verlos.

Wanneer ons fokus op die hemelse Kanaän, verduur ons die teenswoordige lyding terwyl ons weet God is onderweg met ons na 'n nuwe bedeling.

Sing Psalm 105:23, 24 (1936)

Dr EJ de Beer (Laeveld)